UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

# BScHons Eiendomswese (12242019)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 131 |
| **Kontak** | Dr M Burger michelle.burger@up.ac.za +27 (0)124203111 |

## Programinligting

Dit word aanbeveel dat ’n student bo en behalwe bevredigende bywoning van lesings, vir ten minste 480 uur deeltyds werksaam sal wees by ’n geskikte werkgewer in die eiendomsbedryf. Daar sal van die student verwag word om ‘n diensrooster by te hou op die voorgeskrewe templaat.

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29 en G.54.

## Toelatingsvereistes

Die toelatingsvooreistes moet saam met die voorwaardes soos uiteengesit in die Algemene Regulasies, gelees word.

’n Persoon sal nie toegelaat word as kandidaat vir die graad nie tensy hy of sy:

(a) ’n BSc Eiendomswese gegradueerde van hierdie Universiteit is nie; of
(b) in besit is van enige drie-jarige baccalaureusgraad van hierdie of enige ander universiteit wat erken word deur die departementshoof vir die doeleindes as gelykstaande aan die BSc graad in Eiendomswese van hierdie Universiteit; of
(c) op enige ander wyse ‘n vlak van bekwaamheid bereik het wat in die opinie van die departementshoof genoegsaam is vir toelating.

## Addisionele vereistes

Keuring is gebaseer op die aansoeker se akademiese rekord en ondervinding. Van aansoekers kan verwag word om vir ‘n onderhoud te kom en/of ‘n toelatingseksamen af te lê.

## Eksamens en slaagvereistes

Ten einde tot die eksamen in 'n betrokke module toegelaat te word, word 'n semester-/jaarpunt van minstens 40% vereis. Verder moet aan alle ander eksamentoelatingvereistes voldoen word, soos van toepassing op 'n betrokke module.

**Hereksamens**
Geen hereksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

**Spesiale eksamens**
Geen spesiale eksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

Die graad word toegeken indien alle voorgeskrewe modules geslaag is.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat vir die eerste maal vir de graad geregistreer het, en die graad voltooi het binne die minimum voorgeskrewe tydperk en in al die modules geslaag het met ? geweegde gemiddelde van minstens 75% (uitgesluit POU 700).

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 131**

## Kernmodules

### Eiendomswaardering 700 (EDW 700)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Waardasie van inkomstelewerende eiendomme, kommersiële eiendomme, huurkontrakte, grond met ontwikkelingspotensiaal vir dorpstigting, massawaardasietegnieke en regspraak met betrekking tot eiendomswaardering.

### Mark- en liggingstudies vir winkelsentrums 721 (EBM 721)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Mark- en liggingstudies vir winkelsentrums, die invloed van ligging op die bemarkbaarheid en koste van eienaarskap van kleinhandeleiendomme, verskillende liggingsmodelle vir kleinhandeleiendom.

### Uitvoerbaarheidsstudies 720 (EUS 720)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 9.00 |
| **Voorvereistes** | EUS 710 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Gedetailleerde finansiële lewensvatbaarheidstudies van verskillende tipes eiendomsontwikkelings; waardebestuur en lewenssikluskoste.

## Bestuurspraktyk 700 (BTP 700)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

'n Studie van effektiewe besigheidsbestuur met verwysing na verskeie organitoriese funksies. Aandag word gegee aan die bou-omgewing praktisyns binne die konteks.

## Konstruksiebestuur 710 (KBS 710)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 9.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Operasionele bestuurstegnieke, produktiwiteit, werkstudie en die invloed op prysvasstelling. Konstruksieprogrammeringstegnieke.

## Huurkontrakreg 720 (HKR 720)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Beginsels van kontraktuele verhouding tussen huurder en verhuurder vir verskillende tipes geboue, algemene klousules wat ingesluit behoort te wees in huurkontrakte en die regsaanspreeklikheid daarvan op partye betrokke.

## Fasiliteitsbestuur 710 (EBS 710)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |

| | |
|---|---|
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Bestuur van verskillende tipes fasiliteite en bateportefeuljes. Beginsel van uitkontraktering en die uitkontrakteringsbesluit. Kontraktuele verhoudings in fasiliteite- en batebestuur.

## Uitvoerbaarheidstudies vir winkelsentrums 721 (EUS 721)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 9.00 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Gedetailleerde uitvoerbaarheidstudies vir winkelsentrumontwikkelings, waardebestuur en lewensikluskostes.

## Boukosteraming 700 (BKR 700)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 24.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 4 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Beraming van boukoste – beginsels en proses; elemente van ‘n prys; rowwe hoeveelhede en inbegrepe hoeveelhede (elementele- en bouershoeveelhede) vir beramingsdoeleindes; beramingsmetodes; prysbereking van verskillende ambagte en voorbereidsels; ontleding van boukoste; boukoste-eskalasie; ontwerpkostebestuur.

## Navorsingsverslag 785 (EMW 785)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

'n Navorsingsverslag waarvan die onderwerp deur die departementshoof goedgekeur is, moet gedurende die finale studiejaar ingedien word.

## Eiendomsbemarking 710 (EBM 710)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Bemarking van professionele dienste in die eiendomsbedryf. Bemarking van grootskaalse eiendomsontwikkelings. Bemarking van gespesialiseerde eiendomsdienste, bv. winkelsentrumaktiwiteite, hotelle en ontspanningseiendomme, ens. Bemarking van ekwiteitskapitale strukture.

## Eiendomsbelegging 720 (PMN 720)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die aard en omvang van eiendomsbelegging, doelwitte van eiendomsbeleggers, deelnemers aan die eiendomsbeleggingsproses, die beleggingsbesluitnemingsproses, beleggingskriteria, beleggingstyd-horisonne, besluitnemings-benaderings.

## Eiendomsontwikkelling 711 (EOW 711)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 9.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Beginsels van verskillende tipes residensiële, kommersiële en industriële eiendomsontwikkelling.

## Praktiese ontwikkelingsuitvoerbaarheid 700 (POU 700)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 2.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 20 kontakure |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Akademiese organisasie** | Konstruksie-ekonomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 en Semester 2 |

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.